

Beleef God se genade – Romeine

SPLINTERnuwe mense, Ons voorreg en ons taak: Romeine 5-6

- Romeine 5-8 handel oor nuwe mense. Paulus bekyk die nuwe vrygespreekte mense nou van naderby. Hoe lyk hulle? Hoe lewe hulle? Rom 5 bring ons by mense wie se saak met God reeds reggemaak is. Ons bevind ons nou midde-in die kerk van Jesus Christus en staan tussen die gemeentelede en luister na Paulus.

Ons is Skatryk

- Lees Rom 5:1-4; 8:18; 1 Petrus 1:6-9
- Hoeveel keer kom die woord ONS in Rom 5:1-5 voor?
- Wie is die mense van wie hier gepraat word?
- Watter 4 heerlike dinge word van hierdie mense gesê?
- In watter opsig sluit 1 Petrus 1:6-9 by Romeine 5:3-4 aan?

- **Rom 5:1-4 vertel vir ons hoe ryk ons is...**
- **Ons is deur die geloof vrygespreek!**
- **Ons het vrede by God!**
- **Ons staan vas in die genade!**
- **Ons is blydskapmense!**

Vrygespreek omdat ons glo

- Ons hoef nooit weer daarvoor te twyfel nie. Ons is vrygespreek. Ons hoef nie in ons verede te grawe en te wonder of daar sondes is wat ons nog nie bely het nie. God het nie net ons spesifieke sondes vergewe nie maar ook ons sondigheid. God doen nie halwe werk nie.

Vrede tussen ons en God

- Nie vrede in onself nie maar vrede BY GOD. Hierdie vrede is nie 'n subjektiewe innerlike gevoel nie. Dit is 'n objektiewe werklikheid wat voor God geld. Dit beteken dat die vyandskap tussen ons en God beëindig is. Ons verhouding met God is nou in orde. Dit is alles moontlik gemaak deur die kruis van Jesus.

Ons staan vas in die genade

- Die klem val hier op die sekerheid van die Christen. Die genade is nie net die vaste fondament waarop ons staan nie – die genade omvou ons hele bestaan. Net God kan hierdie sekerheid gee en daarom is daar geen menslike waarborg nie. Die toegang tot die genade is deur Jesus bewerk.
- Waarop moet ons ons sekerheid bou. 'n dag en datum of ervarings en 'n voorbeeldige lewe? 2 Kor 1:18-22; Joh 1:1; Rom 8:16]

Ons is BLYDSKAPmense

- Christene is BLY oor die toekoms. Hulle HOOP op die heerlijkheid wat God hulle sal gee. Sonde verduister hierdie heerlijkheid maar dit begin weer by God se kinders na vore tree. Ons toekomsverwagting is dat God die volle heerlijkheid eendag aan ons sal gee.
- Christene jubel ook oor die hede. Ons verheug ons selfs in swaarkry. Wanneer ons geloof eg en heeltemal onvoorwaardelik op God gerig is, laat dit die vlam van hoop helder brand.

Ons is mense met 'n ONWANKELBARE hoop

- Lees Rom 5:5-11; 2 Kor 5:18-21
- Wat bedoel Paulus as hy sê: Die hoop beskaam nie?
- Die mense vir wie Jesus Christus gesterf het, word in Rom 5:6-10 op vier verskillende maniere beskryf. Kyk of jy die vier kan raaksien?
- **Die HOOP beskaam nie.**
- **VERWAGTING of VOORUITSIG sou die Bybelse inhoud van die oorspronklike teks beter weergee.**
- **Die Christelike hoop kan nie vernietig nie. Soos 'n ster wat helderder skyn soos die nag donkerder word.**
- **Die Christen se toekomsverwagting sal hom nie in die steek laat nie want God het Sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het.**
- Christus se onwankelbare liefdesdaad op Golgota [toe ons nog sy vyande was] is die bewys daarvan dat Hy ons ook nie aan die einde van die tye in die steek sal laat nie, maar sekerlik sal red.
- Kyk die geloofslogika in vers 9 en 10. Die God van gister is ook die God van môre. Sy troue verbondsliefde verander nooit nie. Dit staan soveel vaster. Hierdie woorde getuig van 'n sekerheid wat veel meer is as blote kopkennis.
- Die woord "versoening" in Romeine 5 beteken dat God die inisiatief geneem het en ons deur Jesus se dood aan die kruis Sy vriende gemaak het.
- Die vyandskap tussen God en ons is weggeneem.
- Die diepste wese van ons Christelike blydschap gaan oor God self. Nie oor die gawes nie maar oor die GEWER. Dit is die hoogste vorm van Christelike blydschap. Dit word aanbidding!